

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen volwassenheid in die geloof in Jesus Christus en onvolwassenheid in die geloof. Onvolwassenheid gaan oor die soeke na geestelike ervarings met God terwyl volwassenheid gaan oor die God self. Volwassenheid in die geloof gaan oor die onderskeid tussen wat binne is en wat buite is, wat innerlik van waarde is en wat uiterlike waardeloosheid is. In die geloof is Christus ons binneste, nie ons geestelikheid met God nie. In die geloof is Christus se Gees ons binneste en hou Hy ons besig met die dinge van Christus: sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding en ons vereniging daarmee. In geestelike ervarings is mense vandag met die uiterlike waardelose dinge besig as die innerlike van hulle geestelikheid. Hulle keer wat binne is om na buite en maak so van bekering 'n geestelike selfervaring in plaas van 'n daad wat soek na die wil van God, van gebed wat God eer maak hulle meditasie wat soek na godservarings en van die luister na God se Woord maak hulle geestelike rituele.

Skriflesing Filippense 3: 3 – 16.

Teks Fil. 3: 8 Ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here te ken, oortref alles in waarde.

Tema Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie gees nie.

1. Geestelike volwassenheid is om die verskil tussen wat innerlike is en wat uiterlik is te kan aanvoel, te ken en te kan onderskei. Geestelike volwassenheid is om jou in te span vir wat innerlike van waarde is en nie op wat uiterlike is, ingesteld te wees nie.

Kom ons kyk na 'n voorbeeld wat ons kan help om die geestelike volwassenheid in die geloof in Christus te kan ontdek en te kan onderskei van die geestelike onvolwassenheid van die spiritualiteite van hierdie wêreld – die verskil tussen volwassenheid in ouerskap en onvolwassenheid in ouerskap.

Onvolwassenheid in ouerskap is die ingesteldheid op die ervaring van ouerskap. Volwassenheid in ouerskap is die ingesteldheid op jou kind as mens met sy eie lewe, eie reg, eie persoon en hoe om deel van en diensbaar aan sy lewe te wees.

2. Dit is werklik 'n ingrypende verskil.

Die ingesteldheid op jou ervaring van jou ouerskap gaan oor die opgewondenheid oor die andersheid, die nuutheid en al die nuwe moontlike wat vir jou ontsluit omdat jy verwagting is. Dit gaan oor die innigheid wat jy ervaar in jou vertroeteling van die kind en die krag wat jy ervaar in jou versorging van die kind. Dit gaan oor die sinvolheid van die vervulling van die nuwe rol, amp en mag van jou ouerskap.

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie gees nie

Om ingesteld te wees op jou kind gaan nie oor die sensasie van ouerskap nie. Dit gaan oor die sorg en diensbaarheid aan die kind self. Dit gaan oor sy lewe en behoeftes, sy persoon en sy lewensmoontlikheid met sy toekoms en hoe ek dit vir hom kan ontsluit.

Onvolwasse ouerskap gaan oor die romantiek van hoe ek my seun sien as my vennoot in die boerdery en hoe hy saam met my alles waaroor ek droom gaan aanpak en hoe ons saam van die plaas 'n sukses gaan maak. Volwassenheid in ouerskap is wanneer ek ontdek en aanvaar my seun is 'n intellektueel wat iewers in die rekenaarbedryf gaan opeindig en ek gaan alleen boer om vir hom daardie toekoms te kan ontsluit. Dit kan ook anders om werk. Onvolwassenheid is wanneer ek voel ek werk om my seun iewers anders te bring as om 'n boer te wees om nie so te sukkel soos ek sukkel nie, terwyl hy in sy hele siel niks anders is en wil wees as 'n boer nie.

Volwassenheid is wanneer jou kind jou innerlike is. Volwassenheid is wanneer jou ervaring van jou kind jou uiterlike is. Onvolwassenheid is wanneer jou ervaring van jou kind jou innerlike is en jou kind self jou uiterlike is.

3. Dit is die groot deurbraak wat in die geloof in Jesus Christus gebeur: die ontdekking van wat innerlik is teenoor wat uiterlik is.

Die innerlike van ons godsdiens lê nie in ons eie hart, ons eie gemoed, ons eie gedagtes of ons eie gees nie. Ons eie liefdes, ons eie geestelike gedagtes en aanvoeling is nie die innerlike van ons godsdiens nie. Die innerlike van ons godsdiens is Jesus Christus, net soos in ons voorbeeld ons kind ons innerlike is. Dit is wat Paulus aankondig in hierdie vers waarin hy stel: "Ons het die ware besnydenis, ons wat God deur sy Gees dien, en nie op uiterlike dinge vertrou nie."

Die teenstelling wat Paulus hier maak gaan oor die Gees van God teenoor ons eie gees. Hy stel dat ons God deur sy Gees, die Heilige Gees, dien en God nie deur ons eie gees as mens dien nie.

4. Hiermee stel Paulus "die Gees van God" en ons eie menslike gees, wat ons vandag ons geestelikheid of ons spiritualiteit noem, direk teenoor mekaar. Hy wys dat ons gees, dit is ons geestelikheid of ons spiritualiteit, die uiterlike dinge van die godsdiens is.

Dit is die unieke, die uitsonderlike van die openbaring van Jesus Christus – alles wat Paulus eers as sy innerlike geestelikheid, die innerlike van sy godsdiens geken het, het vir hom uiterlike dinge geword in sy vereniging met Jesus Christus.

In sy vereniging met Christus het Christus sy innerlike geword en sy eie geestelikheid sy uiterlike. Dit is wat hy bely in die woorde: ¹⁰ "Al wat ek wens, is om

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie gees nie

Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind, en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, ¹¹ in die verwagting dat ek self sal deel hê aan die opstanding uit die dood.”

5. Kyk wat noem Paulus ná sy vereniging met Christus alles wat vir hom nou uiterlike dinge is:

- sy besnydenis
- sy geestelike herkoms en opvoeding om Israeliet en Hebreër te wees en
- sy innerlike vroomheid, gehoorsaamheid en toewyding as Fariseër.

Ons hoor nie meer vandag die diepte en omvang van sy geloofsbelydenis nie omdat ons dit wat hy hier noem vandag sien en hoor as skynheiligheid, onegtheid en vormgodsdiens. Dit is egter presies die teenoorgestelde as wat Paulus hier uitwys. Hy wil juis wys hoe innerlik eg, vroom en toegewyd hy was in die belydenis van alles wat nou vir hom uiterlike dinge is.

Om op die agste dag besny te wees, het gegaan oor die erns en ywer van sy ouers om die Here te dien soos God volgens sy wet gedien moet word. Om Hebreër te wees beteken in ons taal vandag om innerlik en opreg ’n vroom mens te wees. Innerlik opreg en vroom besig met die liefdesgebod van God! In sy wetsopvatting was hy ’n Fariseër. In ons taal vandag beteken dit om ernstig te wees met jou geestelikheid. Die uitdrukking “in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik”, beteken in vandag se geestelike taal hy was ’n ywerige, ernstige, entoesiastiese, toegewyde geestelike mens gewees.

Wat noem Paulus na hy tot geloof in Christus gekom het, die uiterlike dinge? Presies dit wat ons vandag ken as om ’n opregte, ernstige, entoesiastiese, opgewonde, vroom, ywerige, gehoorsame en toegewyde geestelike mens te wees. Om so te wees, is vir Paulus eers hoe hy innerlik was, hoe die innerlike van sy godsdiens gelyk het, maar presies net hierdie geestelikheid is nou vir hom uiterlike dinge.

6. Dit is die krag en impak van Paulus se geloofsverklaring oor sy vereniging met Christus Jesus. Alles wat ons vandag ken as mense se innerlike ervaring met God, mense se geestelikheid met God, mense se innerlike aandoenings en belewenisse met God in hulle eie hart, gevoelens en gedagtes wat hulle beleef as die diepste intieme persoonlike verhouding met God, is vir Paulus in sy geloof in Christus en noem hy “uiterlike dinge.”

Wat is hierdie onderskeid wat Paulus hier maak tussen uiterlike waardelose dinge en innerlike kosbaarheid?

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie gees nie

Ons mis elke keer hierdie onderskeid en die inhoud van hierdie onderskeid omdat ons vandag met 'n heeltemal ander maatstaf werk vir wat innerlike dinge is teenoor wat uiterlike dinge is.

Wat is die geestelike maatstaf wat ons vandag in die godsdiens gebruik vir wanneer iets uiterlik is of wanneer iets innerlik is? Die maatstaf wat ons gebruik is ons eie hart, die en verstand. Wanneer ons in ons eie hart, siel en verstand iets ervaar en deel is daarvan, dan glo ons dit is ons innerlike. Alles buite ons eie belewenisse of ervarings veld sien ons as dit wat uiterlik is.

7. Christene se innerlike is die dinge waarmee die Gees van Christus Hom besig hou. Dit is soos Paulus dit stel in Romeine agt vers 6 “maar die dinge waarmee die Gees hom besig hou, bring lewe en vrede.” Dit is nie die dinge waarmee ons eie gees ons besig hou nie. Ons eie gees is besig met ons lewe, ons persoon, ons verhoudings, ons ervarings, ons aandoeninge en ons drome en visioene. Die Heilige Gees is besig met Jesus Christus, wie Hy is en wat Hy doen en hoe ons deel in wie Hy is en wat Hy ons laat wees deur ons vereniging met Hom.

Die dinge waarmee die Heilige Gees Hom met ons besig hou, is Jesus Christus – dit is wat Paulus bely en verkondig in die verse: “¹⁰ Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind, en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, ¹¹ in die verwagting dat ek self sal deel hê aan die opstanding uit die dood.”

Die Gees van Christus is besig met sy lyding, sy kruisiging, sy sterwe, sy opstanding en sy verhoging aan die regterhand van die Vader. Die Gees van Christus is besig met hierdie innerlike dinge – Hy verenig ons met Christus as mens in die hemel op so wyse dat ons ingesluit is en deel het aan die lyding, kruisiging, sterwe en opstanding van Christus.

Die dinge van die Gees van Christus is ons innerlike – ons innerlike regverdigmaking vir die liefde en diens aan God. Hy skep in ons vereniging met Christus al die deugdes van Galasiërs 5 as ons innerlike.

Daarom verklaar Paulus dat die innerlike waarvan hy deel wil wees, is om die krag van die opstanding van Christus te ondervind en deel te hê aan sy lyding en gely te wees in die sterwe van Christus. Dit is die innerlike wat hy nou van deel is: Jesus Christus en wie Hy as Here en Christus is.

Dit is nou sy binnekant! Alles wat Jesus Christus vir hom is in sy vereniging met Christus. Alles wat eers sy binnekant was, is nou sy buitekant, uiterlike dinge!

8. Wat is ons binnekant? My gees en die dinge waarmee ek my in my gees met myself besig hou, of die Gees van Christus wat Hom met Jesus Christus besig hou?

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie gees nie

- Christus is gebore om terwyl Hyself God is saam met ons mens te wees. Dit is waarmee die Heilige Gees besig is, met hierdie Christus. Christus is die heilige en regverdige mens vandag wat ons nie is of kan wees nie. Dit is die dinge waarmee die Gees van Christus vandag besig is, sy heiligheid en regverdigheid as mens wie met ons verenig is. Die Gees van Christus sluit my in en verenig my só met Christus dat Hy my onheiligheid, smet en ongeregtigheid aan die kruis was sodat ek voor God die Vader die heiligheid van Christus as mens deel, in Paulus se woorde staan ons voor God heilig, sonder smet en onberispelik. Kol. 1: 22. Daarom laat God ook my gebroke liefde vir Hom heilige liefde wees.

Watter Gees is jou binnekant?

Jou eie gees wat so met sy eie dinge besig is? Hoe gaan ek my saak met die Here regmaak? Hoe kan ek só wees en 'n Christen wees? Ek is nie goed genoeg en leef nie goed genoeg vir God nie? Hoe moet ek vir God aanvaarbaar word? Ag, God sal verstaan! God sal my aanvaar soos ek is! Ek gaan probeer om deel van die heiligheid van God te word want ek kan tog nooit in my liefde vir God heilig wees nie. So is my gees besig om myself vir God te heilig en te verskoon tegelykertyd!

Watter Gees is jou binnekant?

Die Gees van Christus is so met jou besig! Jy is ingesluit en deel die heiligheid en regverdigheid van Christus as mens in die hemel. Jy is heilig, sonder smet en onberispelik voor God die Vader en jy mag jou in liefde volgens die wet van God aan Hom toewy. Christus is jou onheiligheid vir jou gewees in sy lyding, sterwe en kruisiging.

Is hierdie Gees jou binnekant of jou eie gees met al sy selfopgemaakte geestelike versugtinge, godsbeelde en aandoeninge?

- Watter Gees is jou binnekant? Hierdie gees wat só werk: ek kry swaar want God laat my ly, God kla my aan, God is teen my oor my sonde, God laat my ly om my te wys hoe sondig ek is! Wie se gees werk so? Dit is jou eie gees met sy eie geestelikeheid en spiritualiteit! Die Gees van Christus hou Hom nie my jou lyding oor jou sonde besig nie. Hy hou Hom met die lyding van Christus besig op so wyse dat Christus vir jou sonde aangekla en veroordeel is, God teen Hom gedraai het en Hom vir jou sonde verneder het, sodat God jou nooit sal aankla, verhoor, beskuldig of veroordeel vir jou sonde nie. Hy verheerlik jou as sy kind in sy liefde en diens. Waarop is jy ingestel? Oor jou swaarkry met jou eie gewete of op die lyding en swaarkry van Christus? Watter Gees is jou binnekant?

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie gees nie

9. Met watter Gees is jy besig in jou binnekant?

In die kerk het dit nou al so geword dat wanneer jy preek oor Christus en ingesteld is op sy lyding, dan verklaar lidmate dat hulle verstaan nie die prediking nie. Dit is vir hulle uiterlike dinge wat nie hulle gees sterk maak en is nie vir hulle geestelike voedsel nie.

Maar wanneer jy preek oor hoe hulle eintlik oor alles in die lewe aangekla moet staan oor die egtheid, die opregtheid, die waarheid van hulle liefde en die ontoereiktheid van hulle geestelikheid, dan verstaan hulle alles en voel hulle geestelik verkwik.

Op wie is hulle ingesteld in hierdie geestelikheid? Op hulle eie gees, geestelikheid en spiritualiteit of op die Gees van Christus wat met die dinge van Christus besig is?

Die Gees van Christus is met die innerlike dinge besig, nie die uiterlike dinge van ons geestelikheid nie. Die Gees van Christus is besig met die kruisiging van Christus, die sterwe van Christus, die opstanding van Christus en ons vereniging met Hom daarin. Dit is die innerlike dinge waarmee die Gees Hom besig hou!

Die Gees van Christus is met hierdie innerlike van jou vereniging met Christus besig: jy word nie veroordeel, maar as kind verheerlik; jy word nie vervloek nie maar altyd as kind van God geseën; jy word nie gestraf nie maar beloon vir die goeie werke van Christus in jou plek. Ons maak die uiterlike dinge ons innerlike wanneer ons met ons eie gees en gemoed so besig is: hoekom gaan dit so in die land? Hoe kan ons God dit anders maak? Hoekom het God dit nou so laat gebeur en hoe kan ek vir God alles gee en doen dat God weer goed vir my kan wees? Hoe moet ek my saak met die Here gemaak? Hoe moet ek myself vir God heilig, smetloos, onberispelik en aanvaarbaar maak?

10. Dit is die geloofsdeurbraak wat Paulus maak deur sy geloof in Jesus Christus. Hy ontdek wat sy binnekant is en wat sy buitekant is.

Dit bring hom tot hierdie omwenteling dat hy sy hele geestelikheid as waardeloos ontdek. Alles wat die diepste binnekant van my geestelikheid was, is nou waardelose uiterlike dinge. Dit is waardeloos om met jou eie gees en jou eie geestelike drome, visioene, aandoeninge en ervarings besig te wees.

Dit gaan nie oor my geestelike ervarings en belewenisse met God nie. Dit gaan oor Jesus Christus! Jesus Christus is my binneste! Daardie gesukkel van my eie gees met my geestelikheid en spiritualiteit en al die dinge van my geestelike verhouding met God, is nou agter my. Voor my lê 'n lewe waarin die Gees van Christus en dit waarmee hierdie Gees besig is, om Christus as Here te ken, my toekoms is.

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie gees nie

Kan u sien wat is geestelike volwassenheid?

Geestelike volwassenheid is die ontdekking dat dit gaan nie oor my ervaring van my sonde voor God nie. Dit gaan nie oor jou ervaring nie! Geestelike volwassenheid is die ontdekking dat dit nie gaan oor jou ervaring van jou verhouding met die Here nie.

Kom ons gebruik weer die voorbeeld waarmee ons begin het! Waaroor gaan dit nou? Oor jou belewenis van hierdie kind, of gaan dit oor die kind self? Gaan dit oor jou belewenis oor God, of gaan dit oor God? Wat is jou binnekant? Christus en wie Hy is en jou laat wees: heilig, vrygespreek, verheerlik, geseënd, onskuldig, beloon en geliefd in Christus, of gaan dit oor jou gees, jou geestelikheid, jou geestelik aandoeninge, jou verhouding met God! Onvolwasse!

11. Ons word as kerk al meer en meer deel van die hele omkering van wat binne is en wat uiterlik is, van wat volwasse is en van wat onvolwasse is in die moderne Christelikheid wat die hele wêreld oorspoel.

Dit wys in die wyse waarop mense oor hulle bekerings praat en wil praat. Waaroor gaan dit in bekering? Wat is die binnekant van die Christelike bekering?

Gaan dit in bekering oor hoe jy jou bekering geestelik ervaar? Oor hoe diep jou gewetensworsteling is, oor hoe opwindend en nuut jou verandering vir jou self is, oor hoe, waar en wanneer jy gevoel het jy 'n sinvolle bekering gehad het, of gaan dit in bekering oor die eer van God?

Wat is volwassenheid in bekering en onvolwassenheid in bekering?

Om in bekering ingesteld te wees op jou ervaring van jou bekering, is onvolwasse. Dit is 'n ingesteldheid op die uiterlike dinge. Om ongesteld te wees of dit in jou bekering gaan oor die eer van God, is volwasse. Want dan gaan dit om te bekeer uit en deur die heiligheid, die onskuld, die beloning wat ek reeds ontvang het in Christus en die liefde wat ek werklik reeds deel van is in Christus. So 'n bekering is tot eer van God want dan gaan bekering net oor die eer van God en nie oor jou skuld, jou verlorenheid, jou nuutheid, jou versugtinge en geestelike aandoeninge nie.

Wat is jou binnekant? Jou opwindende ervaring van jou bekering of die eer van God dat ek sy wil aanvaar sonder enige ander rede as dat dit net sy wil is?

Dit gaan oor God. Hy is die Skepper. Hy is goed. Hy is genadig. Hy is barmhartig en daarom bekeer ek om aan Hom die lof, die dank en aanbidding toe te bring wat Hom as God toekom omdat Hy God is. Bekering gaan oor God en wie Hy as God is.

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie gees nie

12. Hierdie onvolwassenheid van 'n geestelikheid wat uiterlike dinge die binnekant van die geloof maak, wys al meer en meer binne die invoering van meditasie binne in die NG Kerk.

Waar Christus ons binnekant is, gaan dit oor God! Waar dit oor die eer van God gaan, oor God omdat Hy God is en God is soos Hy in Christus God is, gaan dit in die kerk oor gebed.

Wat is gebed binne ons vereniging met Christus? Dit is die belangrikste deel van ons eerbetoning aan God. Gebed is om God te vereer. Dit is om God te loof, te dank, te prys en te aanbid vir sy barmhartigheid, sy guns, sy goedheid, sy genade, sy liefde en sorg waarin ons deel omdat ons ingesluit is in Jesus Christus.

Ons bid om God te vereer! Ek eer Hom vir wie Hy is, want wie Hy is, is my binnekant!

Maar in baie gemeentes van ons kerk moet lidmate nou leer dat hulle nie meer moet bid nie. Gebed word die minder belangrike in die nuwe geestelikheid. In die nuwe geestelikheid moet hulle nou leer om te mediteer.

Waaroor gaan dit in meditasie?

Meditasie is nie gebed nie. Gebed bring aan God die eer, dank en lof wat Hom toekom omdat hy God is. In meditasie gaan dit om 'n belewenis van God. Jy moet met stilte oefeninge waarin jy niks vir God sê nie, geen lof bring, geen dank bring, geen eer erken en betoon nie, jouself so in God se binnekant as God inleef dat jy sensueel deel van die goddelikheid van God word, God sensueel beleef in sy goddelikheid! Geestelike oefeninge waarin jy nie meer tot God bid, Hom vir niks dank, eer, loof en prys nie, maar nader aan God se binnekant kom – met jou selfervaring.

Wat is nou binnegoed en wat is nou buite-goed? Waarop is jy nou ingestel? Op Christus wie Hy as Here is en hoe Hy jou insluit in wie Hy as mens vir jou is, of op jou ervaring van God se goddelikheid?

Kan u die verskil hoor? Volwasse omdat Christus my binnekant is of onvolwasse omdat my geestelike ervaringe met God se goddelikheid my binnekant is?

13. Dieselfde omkering van wat volwasse en onvolwasse is, is besig met die invoer van rituele geestelikheid in die kerk.

Orals in ons eredienste word al meer en meer rituele in die kerk ingevoer. Hoekom? Want dit is 'n verval in 'n onvolwassenheid in die geloof in Jesus Christus.

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie gees nie

Wat gebeur in 'n erediens? Wat is hier nou besig om te gebeur in hierdie erediens? Ons is hier om te luister na die verkondigde Woord van God. Ons luister na sy wet en ons luister na sy evangelie. As gemeente glo ons saam die evangelie wanneer ons uit sy Woord na die evangelie luister as sy Woord en saam verbind ons ons tot liefde soos God eis wanneer ons saam luister na sy wet.

Ons luister! Ons luister na die Woord van God!

Wat is rituele? Kinders moet kinders met palmtakke hier in die kerk afmarsjeer en dan is dit so mooi om na die kindertjies te kyk wat palmtakke rondra! Ons moet gebedsmarse hou. Ons moet rondloop van plek tot plek en van plek tot plek bid, net soos ons gebede nou rondstuur as smsse.

Waarmee is ons besig? Wat is binne en wat is uiterlik? Hierdie palmtakke wat ons rondswaai, hierdie rondlopery terwyl jy bid, hierdie hande in die lug waarmee jy simboliese gebare maak wat al meer en meer geestelik belangrik word? Wat is jou binnekant? Jou gees met jou geestelike ervarings en godsbelewenisse? Of volgens ons voorbeeld – die kind? Nie jy met jou ervarings van jou ouerskap in en deur die kind nie! Die kind!

Christus is my binnekant. Daarom luister ek vanoggend na sy Woord, al verstaan ek vanoggend nie die helfte daarvan nie! Ek luister na sy Woord want om Christus Jesus my Here te ken oortref alles in waarde. Ek verbind my aan sy Woord, al is dit nie heeltemal duidelik nie. Want dit gaan nie oor my verstaan en my gevoel en my ervaring nie.

Dit gaan oor Hom!

As u nou regtig uit die binnekant van die geloof in Christus wil wegkeer – gaan seek 'n geestelike belewenis met God! Want wat is dit ander as “dit sal so lekker wees as my seun eendag saam met my my planne en drome oor my boerdery gaan waarmaak”, 'n onvolwasse ingesteldheid op my ervaring van God en nie meer op God self nie.

Wat is ons binnekant? Christus? Sy liefde en genade aan sondaars! Sy wil! Sy eer! Sy Gees wat met Hom besig is: sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding waarin Hy ons verenig, of is ons die hele tyd op die rand besig met uiterlike dinge? My neerslagtigheid oor my sonde, my opgewondenheid oor my bekering.

Ontdek die binnekant van die Christelike geloof. Jesus Christus is my binnekant, om Hom as Here te ken oortref alles in waarde. My geestelikheid beskou ek as waardeloos ter wille van Christus.

Christus is die innerlike van ons godsdiens, nie ons eie gees nie